

Dokter weer in tuig danksy 'wonderwerke'

Jun 11 2009 01:07:17:687AM

Hannatjie van der Merwe

Vir dr. Danie Steenkamp (36) van Kimberley en sy vrou, Sonja, het 'n verhaal van wonderwerke die afgelope jaar ontvou.

KIMBERLEY. – Vir dr. Danie Steenkamp (36) van Kimberley en sy vrou, Sonja, het 'n verhaal van wonderwerke die afgelope jaar ontvou. Hy was vandag presies 'n jaar gelede in 'n erge ongeluk met sy motorfiets. Hy het ernstige breinbeserings opgedoen en sy kans op oorlewing was skraal, maar hy is terug by die werk en hulle is weer 'n gelukkige gesin saam met hul seun, Waldo (2 jaar en 6 maande).

Toe Steenkamp tien dae ná die ongeluk uit 'n koma kom, het hy gedink sy droom om 'n dokter te wees lê aan skerwe, maar wonderwerke van Bo het dit moontlik gemaak dat hy weer kan werk. Dié egpaar, wat van Bloemfontein kom, wil graag hul verhaal met mense deel en dankie sê vir almal wat hulle in dié tyd so wonderlik ondersteun het. Vir Kimberley en sy mense het hulle net lof.

Steenkamp het aan die begin van 2008 met sy gemeenskapsjaar by die Kimberley-hospitaal begin. Op Woensdag 11 Junie 2008 om 17:00 is sy lewe egter onherroeplik verander toe hy op die hoek van Oliver- en Landbouweg in die stad met sy motorfiets in 'n ongeluk was. Hy was kritiek en Netcare 911 het hom na die Kimberley-Medi-Clinic gebring.

Die egpaar vertel reeds op die ongelukstoneel het die eerste wonderwerk gebeur. Net ná die ongeluk het 'n weermagambulans toevallig hier verbygekom. Steenkamp het nie meer asemgehaal nie, maar die weermag se ambulanspersoneel het hom weer bygekry. Hy het sy regterbeen sleg gebreek en 'n skandering het gewys hy het ernstige breinbeserings. By die ongevalle-afdeling is aanbeveel dat sy familie kom, omdat gemeen is dat hy nie langer as 48 uur sal leef nie.

Hy het onder meer ses eenhede bloed ontvang. Sewe dae later het 'n skandering gewys hy het erge breinswelling, maar op die tiende dag het hy uit sy koma begin wakker word, wat as 'n wonderwerk beskou kan word. Sonja, 'n opgeleide instrukteur in BabaGim, was deurentyd langs sy bed en het dié oefeninge op hom toegepas. Hy was 'n maand lank in die intensiewesorg-eenheid. Sy linkerkant was heeltemal verlam. Hy kon net sy linkeroog knip. Hy is toe na die Life-rehabilitasie-eenheid in die Pasteur-hospitaal in Bloemfontein oorgeplaas, want hy moes van voor af leer om te kou, sluk, kruip, staan en loop. Hy is soontoe gestuur om selfversorgend te wees, want sy kans om weer te kon werk, was baie skraal.

Twee maande later is hy hier ontslaan en hy kon sonder ondersteuning loop, hy het begin om normaal te dink en te redeneer en het sy geheue herwin. In Januarie vanjaar het hy weer by die Kimberley-hospitaal begin werk, hoewel dit voorheen onmoontlik gelyk het.

Vier maande ná die ongeluk was daar geen bloedtoevoer na Steenkamp se regter-heupknop nie en sy heup het nog nie begin aangroei nie. 'n Heupvervanging is voorgestel en 'n maand is kans gegee om hieroor te dink. Dit was 'n wonderwerk toe dit ná dié maand begin aangroei het.

Vir Steenkamp is dit wonderlik dat hy 'n tweede kans gekry het en sy brein so herstel het dat hy weer kan werk. Hy wil graag betrokke raak by die oprig van 'n rehabilitasiesentrum in die Noord-Kaap. Hy is oneindig dankbaar teenoor sy vrou vir haar opofferings en aandeel in sy herstel, en sy ouers en sy twee broers.

Hy gee alle eer aan die Hemelse Vader dat sy lewe gespaar is.